Negester
STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 5 No. 7 Julie 2023

# LUISTER



Vir drie jaar was die dissipels saam met Jesus … het hulle by Hom geleer, met Hom gesels en saam met Hom geleef. Skielik kom alles tot 'n onverwagte einde … Jesus is wreedaardig tereggestel, Sy liggaam in 'n koue grafkelder geplaas, en … *Daarop het al die dissipels Hom in die steek gelaat en gevlug.* (Matt 26:56)

***Luister***, so verklaar die HAT, is *om* ***aandag te gee aan wat iemand sê*** … in teenstelling met ***hoor***, verklaar as *in staat wees om* ***geluide waar te neem***. Het jy al ervaar hoedat mense – alhoewel hulle hoor – ander in die rede val en húlle standpunt lug, eerder as om met gefokusde aandag enduit klaar te luister na wat gesê word?

Na Sy opstanding sluit Jesus by twee dissipels aan wat – van Jerusalem af weg en hoopverlore ná Jesus se dood – op pad is na Emmaus, sowat 11 km Wes vanaf Jerusalem (Luk 24:13 e.v.) Hulle gesprek is terselfdertyd ook 'n kosbare les oor die belangrikheid van 'luister', soveel te meer wanneer Jesus met ons 'praat'.

Terwyl hulle daardie middag moedeloos in die rigting van die sonsondergang stap, sê die een vir die ander (v21): *Ons het bly hoop dat dit Hy is wat Israel gaan verlos. Maar intussen is dit nou al die derde dag vandat dit gebeur het.* Krag en moed vir die hede ontbreek wanneer die toekoms hopeloos lyk! Dan – skielik – *kom Jesus self nader en loop saam met hulle, maar hulle oë is verhinder om Hom te herken* (v15-16).

Jesus luister geduldig en aandagtig na hulle, sonder oordeel of reaksie, en gee hulle geleentheid om oor hulle pyn en verwarring te praat vóórdat Hy begin om al die Skrifte oor Homself vir hulle uit te lê (v27). Van Moses tot Maleagi verduidelik Hy hoe die hele 'Joodse Bybel' oor Hóm praat … die Ram by die altaar van Abraham in Genesis; die Pasga-lam in Exodus; die gevlegte rooi tou in Ragab se venster in Josua; die goeie Herder in Psalms; die lydende Kneg van Jesaja; die vierde Man in die brandoond in Daniël … Alles wat gebeur het is 'n vervulling van wat oor Hóm geskryf is … Hý is die fokus, die Skrifte getuig van Hóm (Joh 54:39)!

By Emmaus aangekom sê Jesus dat Hy verder wil gaan, maar hulle vra Hom om by hulle te oornag. Nadat Jesus die Skrifte vir hulle uitgelê, brood geneem, die seëngebed uitgespreek, die brood gebreek en vir hulle gegee het … *is hulle oë geopen, en het hulle Hom herken. Hy het egter uit hulle sig verdwyn* (v30-31). Hulle reaksie daarna? … *"Was ons harte nie brandend in ons toe Hy met ons langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?"* (v32) Geen wonder hulle harte het begin brand nie … Jesus het gepraat, hulle het geluister, en hulle gees is vernuwe!

Hulle harte het gebrand nadat hulle na Hóm geluister het … nié toe húlle met Hom of met mekáár gepraat het nie, maar toe hulle óphou praat en Hóm toegelaat het om te praat. Hulle het geluister, en hulle verstand is verlig om die Skrifte reg te begin verstaan! Het hulle dié geleentheid laat verbygaan, sou hulle Jesus nooit herken of besef het dat Hy lewe nie.

Gebed is ook kommunikasie, 'n twee-rigting gesprek met die Here – praat, én luister – maar ons is oorwegend op 'praat' gefokus en vergeet só maklik om te 'luister'. Daar is 'n tyd om op te hou praat, stil te

raak, te luister vir die sagte gesuis van Sy stem (1 Kon 19:12) wat met ons gees praat, dat ons die Vader se vermaning tydens Jesus se verheerliking op die berg ter harte moet neem … *"Dit is my geliefde Seun, oor wie Ek My verheug.* ***Luister na Hom."*** (Matt 17:5)

Die Bybel blý 'n geslote Boek totdat God se Gees die waarheid daarvan vir ons oopbreek. Ja, ons kan 'kopkennis' opbou deur die Woord te lees, maar ons kan nie regtig verstaan, hartskennis opbou en geestelike onderskeidingsvermoë ontwikkel, totdat ons ophou praat, lúíster, en toelaat dat Hý die Woord vir ons oopbreek nie.

Die dissipels se onmiddellike reaksie nadat Jesus uit hulle sig verdwyn is noemenswaardig: *Hulle het onmiddellik opgestaan en na Jerusalem teruggekeer … En hulle het gesê: "Die Here is werklik uit die dood opgewek* (Luk 24:33-34). Met brandende harte keer hulle terug na Jerusalem om die Goeie Nuus te gaan deel, nou nie meer met 'n twyfelagtige en neerslagtige vraagteken nie, maar met 'n skaamtelose en opgewonde uitroepteken … JESUS LEWE!

Die een Emmausganger was Kleopas (v18). Wie die ander een was weet ons nie, maar dít skep juis vir jou en my die geleentheid om onssélf in sy plek te plaas … stil te raak op óns pad, na Jesus te luister, en met brandende harte om te draai en te lewe!

*Almagtige Vader, ek besef en bely dat my lewe en gebede só deur my eie stem en alles oorheersende omstandighede oorskadu word, dat ek maklik perspektief verloor en onsensitief raak vir U stem. Leer my om stil te raak en in U te rus, Here … meer en dieper ingestel op Ú stem … Ú Woord … my ore gefokus om na Ú te luister.*

*AMEN*

Pierre Jordaan

# Lentedag

## 2 September 2023

Die Negester Omgewingskomitee (NOK) nooi alle inwoners (en gaste) om deel te neem aan:

06:00 **Lenteloop**
Vanaf die hoofhek tot by die laagwaterbrug en terug. Onthou jou water, 'n hoed, gemaklike skoene en 'n wandelstok/ kierie.

09:00 **NOK Opedag hoofprogram**
Interessante praatjies en uitstallings in die Klubsaal - detail program sal volg.

11:00 **Inhuldiging van Negester Arboretum**
Met die onthulling van die naambord.
Daar sal ook verskeie stalletjies wees met lekker eetgoed, inheemse plante en handgemaakte items.

13:00 **Lucky Draw**
Twee broodbome kan gewen word deur kaartjies vir R20.00 elk aan te koop. Hoe meer kaartjies jy koop hoe groter is jou kans!




15:00 **Bring en Braai**
Almal word hartlik uitgenooi om hierdie geselligheid by te woon ter afsluiting van die dag.

Maureen Greyling

# Boombrokkies



Ons gaan binnekort weer die bome met die pragtige wit blomme oral om ons in die veld en in ons tuine raaksien. Dit is *Dombeya rotundifolia,* wat baie volksname het. Deesdae word blompeer meestal gebruik, maar dis ook bekend as dikbas *, blombos, bruidjie-van-die-Bosveld en drolpeer **. Die Engelse naam is wild pear.

Hierdie sierlike bome blom gewoonlik vroeg in Augustus wanneer die res van die Bosveld maar vaal is. Die wit blomme verkleur tot romerig bruin wanneer dit ouer word. Dit is 'n middelgroot boom met 'n nie-aggressiewe wortelstelsel, 'n ideale tuinboom.

Die blompeer se blare is amper rond met fyn haartjies wat maak dat die blare aan truie en honde met lang hare se pelse vasklou.

Die hout is termietbestand, swaar en sterk en is gebruik om heiningpale, ossewaens en mooi meubels mee te maak. Die boom het ook baie tradisionele gebruike, so word byvoorbeeld 'n liefdesdrankie van die blomme gemaak.

* By ons in die Bosveld word die *Lannea discolor* dikbas genoem.

** Skynbaar omdat die drolpeer se saadjies soos muismis lyk.

Leonora

# Negester Bingo Middag




Number 29: “Rise and shine.”

Number 43: “Down on your knees.”

Number 74: “Hit the floor.”

Number 85: “Stay alive.”

Dis wat jy sal hoor wanneer jy deel is van die Bingospelers. En as jy nog nie deel is nie ... jammer jy mis uit op ’n groooot en gesellige saamwees. Hoe word jy deel? So maklik soos ... hou die inwonersgroep dop vir die volgende Bingo-middag. Moet jy die spel ken? Nee, ons leer almal saam. Wat bring jy saam? Jou eie versnaperings en drinkgoed; daar is wel koffie en tee beskikbaar. Onthou ook jou R10 bydrae wat gebruik word om pryse mee aan te koop.

Woensdag 5 Julie om 14:00 was daar weer heerlik gespeel, gelag, geskerts en gekuier tydens die Bingo-sessie. Wanneer die Bingomasjientjie gedraai word, kan jy ’n speld hoor val. Almal sit in afwagting ... Die nommer wat op die uitgespoegde balletjie staan word gelees ... Number 15: Young and keen.” Dan hoor jy vanuit die Bingogehoor “No, ... too low!’ “No, too high to come by.” Ja! Dankie, dankie ... en almal fokus op hul nommerkaarte. Te vinnig gaan twee ure verby. Ons speel diagonale lyne, horisontale lyne, volhuis (full house) en tussendeur, so kuier-kuier, met kreatiewe kwinkslae vanaf die spelers en handeklap, deel ons oulike pryse aan die wenners uit.

Die foto’s vertel mos alles ...








Sien jou volgende keer of gaan jy – Number 25: “Duck and dive”?

Gusta

## Stywe lyne

Wanneer 'n mens deur visvangtydskrifte blaai en/of lees is daar velerlei interessanthede om oor na te dink.

Die volgende is 'n verwerkte gedeelte uit 'n artikel wat ek onlangs onder oë gehad het.

**'n Tophengelaar sê die volgende:**

"Wanneer dit by visvang kom, moet jy geloof hê:
Geloof:

- in jou visvangplanne;
- in jou gerei;
- in jou ondersteuningsnetwerk;
- in jou toepassing van inligting;
- in jou vermoë.

Hou ons alles eenvoudig en geniet elke oomblik."

Tot ons mekaar weer in warmer weer sien ...

Vasbyt ... die visse word ook moeg van rus.

Cassie Walkers (079 515 5568)










## NEGESTER:
## BYEENKOMSTE 2023: TENTATIEWE DATUMS

| DATUM | FUNKSIE | SAMEROEPER | KONTAKNOMMER |
|---|---|---|---|
| 9 Augustus | Kansa: Vrouedag | Nellie | 083 680 6965 |
| 16 Augustus | Wyngilde | Alida | 083 286 5066/071 609 6705 |
| 2 September | Lenteloop, Opedag, verskeie stalletjies en 'n Bring&Braai | André Greyling (NOK) | 083 287 4047 (André)<br>082 803 6655 (Maureen) |
| 23 September | Nas. Braaidag (Datum sal bevestig word) | Derek | 083 286 5066 |
| 6 Oktober | Restaurant dag | Derek | 083 286 5066 |
| 11 Oktober | Wyngilde | Alida | 071 609 6705 |
| 20 Oktober | Cansa Flower Power | Nellie | 083 680 6965 |
| 23 November | Kerssangdiens | Derek/Gusta/Alida | 083 286 5066/083 287 9925 |
| 29 November | Wyngilde | Alida | 083 286 5066/071 609 6705 |
| 2 Des | Markdag (opemark) | | |

# NOU... nou toe



As dit by my buurman reën, val die druppels ook op my.

Betekenis:

Afr. Ek kan my in my naaste se voordeel verheug omdat dit my ook ten goede kom.

Eng. Your neighbour's good fortune is also yours.

# HOW THE INTERNET GOT STARTED



*Author unknown*

A revelation with an Incredibly Big Message (IBM) …

In ancient Israel, it came to pass that a trader by the name of Abraham Com did take unto himself a healthy young wife by the name of Dorothy, referred to as and called Dot. Dot Com was a comely woman, large of breast, broad of shoulder and long of leg. Indeed, she was often called Amazon Dot Com.

And Dot said unto Abraham, her husband, "Why dost thou travel so far from town to town with thy goods when thou canst trade without ever leaving thy tent?"

Abraham did look at her as though she were several saddle bags short of a camel load, but simply said, "How, dear?"

Dot replied, "I will place drums in all the towns and drums in between to send messages saying what you have for sale, and they will reply telling you who hath the best price. The sale can be made on the drums and delivery made by Uriah's Pony Stable (UPS)."

Abraham thought long and decided he would let Dot have her way with the drums.

The drums rang out and were an immediate success. Abraham sold all the goods he had at the top price, without ever having to move from his tent.

To prevent neighbouring countries from overhearing what the drums were saying, Dot devised a system that only she and the drummers knew. It was known as Must Send Drum Over Sound (MSDOS), and she also developed a language to transmit ideas and pictures – Hebrew To The People (HTTP).

And the young men did take to Dot Com's trading as doth the greedy horsefly take to camel dung. They were called Nomadic Ecclesiastical Rich Dominican Sybarites, or NERDS. And lo, the land was so feverish with joy at the new riches and the deafening sound of drums that no one noticed that the real riches were going to that enterprising drum dealer, Brother William of Gates, who bought off every drum maker in the land. Indeed he did insist on drums to be made that would work only with Brother Gates' drumheads and drumsticks.

And Dot did say, "Oh, Abraham, what we have started is being taken over by others."

And Abraham looked out over the Bay of Ezekiel , or eBay as it came to be known.


He said, "We need a name that reflects what we are."

And Dot replied, "Young Ambitious Hebrew Owner Operators." "YAHOO," said Abraham. And because it was Dot's idea, they named it YAHOO Dot Com.

Abraham's cousin, Joshua, being the young Gregarious Energetic Educated Kid (GEEK) that he was, soon started using Dot's drums to locate things around the countryside. It soon became known as God's Own Official Guide to Locating Everything (GOOGLE).

That is how it all began.



Omgee is …

"Lag en die wêreld lag saam ...
huil en jy huil alleen."
Maar:
By Negester word jy met liefde
omvou.
Hier word saam met jou gelag
en saam met jou gehuil.
Wat 'n voorreg!

# Boererate



**Perdebysteekplek**

- Week witbrood in kookwater.
  Meng goed met 1 eetlepel Engelsesout.
  Sit op die steekplek.
- Smeer asyn/suurlemoensap op die steekplek.

## LAG 'N SLAG



**Genoeg rede:**

Hy: "Daar is baie dinge omtrent my wat jy nie weet nie."

Sy: "Miskien, maar ek is bekommerd oor die dinge wat ek wel van jou weet."




# UIT DIE HEV KANTOOR

Junie 2023

Goeie dag aan al ons eienaars

Soos almal sekerlik weet, is ons in die proses om die gesondheidsorgkontrak te hernu.

Terugvoer oor die stand van sake is as volg: die vorige diensverskaffers is in kennis gestel dat die proses om 'n nuwe diensverskaffer aan te stel, begin het. 'n Advertensie is in die Beeld koerant geplaas om moontlike diensverskaffers uit te nooi om Negester te kontak in dié verband.

Die dokumentasie is alreeds vir sewe voornemende diensverskaffers aangestuur en hulle terugvoer moes ons bereik voor 30 Junie. Die diensverskaffers wat dokumente ontvang het is: Pro Care, Medwell, Retire at Home, ER24, La Vie Care, SD Recruitments en Unique Health. Ons vertrou dat goeie terugvoer van almal verkry sal word.

Die komitee wat die proses verder sal behartig is: Hennie de Wet, Annetjie Moore, Chris Schoeman, Wessie van der Westhuizen en Dawie van Niekerk. Ons wens hulle sterkte toe met groot die taak wat voorlê.

Die voorgestelde planne vir 'n kiosk was aan Negester inwoners uitgestuur om voorstelle en insette te kry. Baie dankie vir al die terugvoer wat ontvang is.

'n Baie groot dankie aan al ons buite personeel vir hulle aandeel om ons oord so goed te onderhou en netjies te laat lyk.

Vriendelike groete

*Negester Direksie*

# S O R G S E N T R U M

## Geestesongesteldheid, die stigma wat moet sneuwel



Ons almal is geraak deur die covid pandemie en die rimpeleffek wat dit in ons lewens en die van ons geliefdes veroorsaak het. Talle maatreëls is in plek gesit of onderhou om ons te beskerm teen hierdie gevaarte wat ons lewens, so omvergewerp het. Die nagevolge van die pandemie, het nie net sommiges wees gelaat nie (eggenote, kinders, lewensmaats), maar het ook ’n merkbare uitwerking op mense se geestesgesondheid gelaat. Die gebrek aan sosiale interaksie het kinders gedragsprobleme laat ervaar; finansiële druk as gevolg van die ekonomie wat lamgelê is, het die werksmag onder ongelooflike stres laat deurloop. Wie seker die diepste geraak was, was die ouer garde, wat in sommige gevalle verbied is om deur familie/kinders besoek te word in aftree-oorde, wat alleen moes sterf as gevolg van isolasiereëls, wat kinders en kleinkinders onverwags voortydig aan die dood moes afstaan, en wat alleen in hospitale moes lê, weerloos, sonder enige emosionele ondersteuning.

Meeste individue is skugter om te erken dat hulle emosioneel swaarkry, dat hulle angstig, depressief of beide is. Ons is selfs skaam om te erken dat ons eensaam is. Die samelewing is anders as ’n klompie jare terug waar ons kon staatmaak op familie om saam met ons oud te word, kinders wat steeds by ons wel en weë betrokke kon wees (maar nou oorsee sit) en die wrede ouderdom met sy uitdagings, saam met ons kon takel. Eensaamheid is die nuwe pandemie, en het ’n impak op ons geestesgesondheid.

Geestesgesondheid speel ’n belangrike rol in die algehele gesondheid van die ouer persoon, asook hulle kwaliteit van lewe. Dit is nodig om geestesgesondheid te verstaan en hoe ongesteldheid kan presenteer, om die stigma te laat sneuwel deur te kan erken dat mens depressief, angstig, of beide is.

**Depressie** affekteer baie ouer persone, en basiese simptome soos volgehoue droewigheid, verlies aan belangstelling, veranderinge in aptyt en slaappatrone is belangrike vrae om te vra as jy met ’n ouer persoon gemoeid is. Natuurlik is die verlies aan ’n lewensmaat maar net een van die vele redes van depressie, en die impak daarvan moet nie onderskat word nie.

**Angstigheid** is algemeen in ouer persone en diegene met ’n geskiedenis van angs kan ’n verhoging in intensiteit van simptome ervaar met toenemende ouderdom. Angs presenteer nie net as ’n angsaanval nie, maar ook as gevoel van oormatige bekommernis of hopeloosheid, rusteloosheid en konsentrasieprobleme. Angs kan ook as fisiese simptome presenteer, soos hartkloppings en kortasemheid.

Agteruitgang in **kognisie/denke** het ook ’n definitiewe effek op geestesgesondheid. Geheueverlies, verwardheid en verandering in gedrag kom voor by demensielyers en het ‘n impak op hul eie funksionering, en op geliefdes wat dit moet aanskou en moet hanteer.

Hoe kan ons na ons geestesgesondheid omsien in ‘n leefstyllandgoed of ‘n gemeenskap waar ouer persone mekaar emosioneel moet versorg?

‘n **Ondersteunende omgewing** is krities, dit word deur sosiale interaksies, gesamentlike aktiwiteite, stokperdjies en uitstappies bevorder. Belangstelling in vriende en mede-inwoners sal ‘n bewustheid skep vir enige verandering in emosionele gesondheid. Dit kan ‘n geleentheid wees om betrokke te raak en hulp te verleen.

Fisiese aktiwiteit versterk nie net ons liggame nie, maar bevorder ons gemoed, verminder angs en verbeter algehele kognisie. Deur ons spiere en koördinasie te versterk, verminder dit die kans om te val ... wat ‘n groot impak op ons kwaliteit van lewe kan hê.

**Kognitiewe stimulasie** is nie net ‘n foefie nie. Om bv. legkaarte te bou en Sudoku te doen, kunsklasse by te woon, ‘n nuwe vaardigheid of taal aan te leer, bevorder nie net jou denke nie, maar gee jou gemoed en selfvertroue ‘n hupstoot. Die gesegde “you cannot teach an old dog new tricks” is gewoon nie waar nie!

**Ondersteunings- of omgeegroepe** sal ‘n omgewing skep waar ons gekoester voel en waagmoed sal hê om te erken as ons hulp nodig het, en waar ons ons bekommernisse kan deel. ‘n Sielkundige of maatskaplike werkster kan ons perspektief gee en met vaardighede toerus om probleme te takel. Ons moet “hulp soek” nie as ‘n swakheid sien nie, maar juis as ‘n teken van self-insig en waar ons pro-aktief kan wees.

**Voeding** moet nie onderskat word nie. Ouer persone is soms nie gemotiveerd om vir hulleself kos te maak nie of is, as gevolg van fisiese beperkinge, nie daartoe in staat nie. Die oplossing kan so maklik wees as om iemand te help aankope doen, sodat hulle wel 'n gebalanseerde maaltyd kan geniet wat hulle gesondheid sal bevoordeel. Deur iemand te nooi om saam te eet kan wondere verrig vir hulle gemoed, en ook die leemtes in hulle dieet aangespreek.

**Roetine gesondheidsorg** en opvolging is noodsaaklik. Chroniese siektes moenie verwaarloos of te laat gediagnoseer word nie. Voorkoming is altyd beter as genesing. Dis belangrik om te weet watter medikasie jy gebruik en waarvoor dit aangedui is. Bêre 'n lysie in jou beursie en neem dit saam wanneer jy enige gesondheidspraktisyn besoek.

Geestesgesondheid is dus 'n spanpoging. Deur in 'n leefstyllandgoed te bly maak jou noodwendig deel van die span ... aanvaar die ondersteuning EN wees die ondersteuning. Saam maak ons ouer word meer draaglik.





Saamgestel deur:

Dr Janet Strauss
Chief Operating Officer of Medwell SA



Om ñ vrou te wees

Friday, 11 November 2016 7:22 PM

Jy verdien iemand wat vir jou kyk en dink jy is die toonbeeld van perfeksie.
Maak dit jou prioriteit om van binne mooier te wees as buite.
Vrouwees is om elke dag te leef, lag en lief te hê.Vrou wees... Is baie meer werd as die duurste juwele.
'n Mooi vrou is soos gras, groei altyd weer uit as mense dit vertrap het.
'n Sterk vrou gebruik die twyfel van ander as 'n dryfveer om suksesvol te wees. Ware skoonheid word in 'n vrou se siel weerspieël.Wees meer as die gewone, koester die geskenk van vrouwees en moet dit nie goedkoop maak nie.Jou waarde as vrou word nie gemeet aan die mates van jou heupe nie, maar aan die diepte van jou hart. Mag jy vir geen rede jou kop laat sak behalwe om jou oulike skoene te bewonder nie.

- Simone Trollip




# NOODNOMMERS

| | |
|---|---|
| **Ambulansdiens Life 24** | **082 040 5003** |
| **Brandweer** | **014 736 8000** |
| **Polisiediens** | **014 736 9760/1** |
| **Stasiebevelvoerder** | **082 565 8512** |
| **Sigbare polisiëring** | **082 414 2704** |
| **Speurtakhoof** | **082 319 9336** |
| **HD Elektries (Dirk)** | **083 660 0319** |
| **Loodgieter (Eric)** | **083 281 7789** |
| **Suster Delia** | **082 494 2717** |
| **Landgoedbestuurder (Dawie)** | **071 734 3618** |
| **Hospitale** | |
| **Provinsiale hospitaal** | **014 736 7300** |

# ONS WINKEL

## Dit is tyd vir regpak!




### Stap 1

**Sorteer jou items in drie verskillende bokse: "hou", "skenk" en "gooi weg".**



### Stap 2

**Pak jou skenkingsitems netjies in bokse of swart sakke.**



### Stap 3

**Besoek www.onswinkel.co.za om jou naaste Ons Winkel op te spoor.**



### Stap 4

**Gaan laai die skenkingsitems by jou naaste Ons Winkel af, of skakel ons om gebruik te maak van ons oplaaidiens.**

**Raak moeiteloos van jou ongebruikte of oortollige items ontslae.**

Yolanda Barnard Attorneys

**Yolanda Barnard Attorneys** is a vibrant and dynamic specialist law firm located in Centurion, Pretoria. We specialize in the following services:

- **the Drafting of last Wills and Testaments,**
- **the Administration of Deceased Estates, and**
- **the Transfer (conveyancing) of Property.**




We have a dedicated team that will provide you with excellent high quality personal service. We strive to deliver a service that will not only meet but exceed your expectations. Please contact us today for a free first consultation.

**Yolanda Barnard Prokureurs** is a jong en dinamiese spesialis regsfirma gebasseer in Centurion, Pretoria. Ons spesialiseer in die volgende dienste:

- **die Opstel van Testamente,**
- **die Bereddering van Bestorwe Boedels, en**
- **die Oordrag van Onroerende Eiendom.**



Ons het 'n toegewyde span wat u uitstekende persoonlike diens sal bied. Ons streef daarna om 'n diens te lewer wat nie net aan al u verwagtinge sal voldoen nie maar dit oortref. Kontak ons gerus vandag vir 'n gratis eerste konsultasie.

**Kontak Besonderhede / Contact Details**


Mobile: 082 941 2002
Office: 012 880 2470

Email: Yolanda@yb-law.co.za; celine@yb-law.co.za

Cambridge Office Park
Building 13, 1st Floor
5 Bauhinia Street
Highveld Technopark
Centurion, 0157


Ons konsulteer ook in / We also consult in

Bela Bela

# Bosvark (*Potamochoerus larvatus*)



Die bosvark is 'n dier wat aan die ooskus gebied van Suid-Afrika, die Limpoporivier en oor feitlik die hele Zimbabwe en Mosambiek voorkom.

Dis ook bekend dat hulle van tyd-tot-tyd in ons omgewing kan voorkom.

Die dier lyk meer soos 'n vlakvark as 'n gewone vark.

Bosvarke se kleur varieer van grysbruin tot donkerbruin en word donkerder met die jare. Die maanhare is ligter en kan opgelig word. Die gesig is ligter van kleur en onder na die bene word dit swart. Die slagtande is kort en skerp.

Hulle verskil verder van vlakvarke omdat hulle nie sulke prominente vratte het nie, en die tande is kleiner, die snoete smaller en die ore skerper gepunt.

Die bere weeg tot 82 kg en is swaarder as die sôe. Die sôe het 'n dratyd van ±4 maande en van drie tot agt kleintjies word tussen November en Januarie gebore.

Hulle natuurlike vyande is groter roofdiere soos leeus en luiperds.

Bosvarke is hoofsaaklik nagdiere, maar wei soms ook bedags. Hulle vreet hoofsaaklik wortelstokke, bolle en knolle, maar ook blare, groente, erdwurms en vrugte, en sal ook aas.

Hulle vorm troppe van 6 tot 12 diere en kom voor in of naby ruigtes, rivierbosse en rietkolle naby water.

Die inligting relevant tot die bydraes oor soogdiere wat op Negester voorkom, kom van die volgende bronne:

- Stuart's Field Guide to the larger Mammals of Africa (Chris & Mathilde Stuart)
- The Mammals of the Southern African Subregion (Reay H.N. Smithers)
- Wikipedia

Arrie



# 'n Boodskap uit die landgoedkantoor

Kan julle glo ons is alweer op pad somerseisoen toe, alhoewel dit vir séker nie so voel nie en dit nou eers regtig koud begin raak ... wat natuurlik goeie nuus vir die veld is, omdat uitwendige parasiete soos bosluise as gevolg daarvan onaktief raak.

Die uitvang van wild is suksesvol afgehandel en die betrokke hoeveelhede is alreeds ter kennisname in 'n aparte skrywe aan ons eienaars deurgegee.

Een van die bosbokke het 'n been gebreek en die veearts moes hom kom pyl. Na deeglike ondersoek het die veearts bepaal dat die erns van die besering van so 'n aard was dat die die bok ongelukkig uitgesit moes word.

Wat veiligheid betref, was daar geen kriminele aktiwiteite in ons landgoed aangemeld nie. Die sekuriteitsmaatskappy en personeel word steeds op gereelde basis gemonitor en hulle stiptelikheid, netheid en patrollering is konsekwent op 'n baie hoë standaard. Daar is ook met die maatskappy Gallagher gereël vir opleiding van al ons personeel wat by die elektriese heining se instandhouding betrokke is, ten einde te verseker dat effektiewe onderhoud – beide operasioneel en voorkomend – op die heining gedoen word.

Die plaveiselstene wat in die omgewing van die klubsaal begin sak het is herstel, en die jukskeibane en loopareas waar wortels die plaveisel begin oplig het, is ook herstel.

Ons is verder besig om vir van ons inwoners brandbestrydingsopleiding te reël, en baie dankie aan Ruud vir sy tyd en moeite in dié verband. Stephan en twee van ons werkers gaan ook '*Lodge Fire Training*' ondergaan, wat spesifiek daarop gefokus is om brande in en om huise en geboue te voorkom en te beheer.

Dan is ons ook besig om weer klippe op sekere areas in te sit om erosie te bekamp, en dit gaan ook binnekort op van ons staproetes gedoen word.

Baie dankie aan almal wat Negester so 'n pragtige plek maak ... en bly warm.

Onthou*: Die beste besluite kom vanuit kalm denke.*

Vriendelike Groete

Dawie van Niekerk




www.satelliteconnection.co.za
amore@satelliteconnection.co.za
0147171551



# KOOS SKRYF



**’n Bundel kortverhale wat bewaar moet word vir die nageslag.**

**1 Voëls jag.**
(’n Geleende storie, waar, rêrig.)
Mans jag in troppe. Moet die oer-instink wees. Ek meen, sukseskoerse is eenvoudig hoër as jy in ’n trop jag. Logies. Vroue verstaan dit nie. Moes hulle oer-instinkte gouer verloor het.
Baie kere hierdie troppe sien aankom by die jagkamp. Gewoonlik in ’n bussie of kombi. Gou geleer, kry en onthou die naam van die ou wat bestuur. Ignoreer die ander ouens. Dikwels is hulle prokureurs, ouditeurs en ja, selfs ’n paar predikante. Vergeet hulle, alles wat verder gaan gebeur gaan deur die ou wat die bussie bestuur as hulle arriveer. Hy is nou in bevel. Dit is net so.
Hy is ook altyd eerste uit die bussie. Die ander deure gaan oop en ’n paar leë blikke sal uitval. As hulle ver gekom het, ’n paar bottels ook. Daarna verskyn blikke of glase. Netjies, presies regop. Mors nie ’n druppel nie. Dan die man agter die glas ook. Sy wysheid gaan jou dadelik oorweldig. Glimlag net en ignoreer.
Die man wat bestuur het is die ou wat tel. Maak hy die Venterwaentjie se deksel oop, sou jy sweer Westelike Provinsie Kelders het afgelewer. Iemand sal, arm oor jou skouer en walm in jou neusgate, aankondig: “Sien jy al hierdie drank? Ons moet dit in drie dae alles opdrink om plek te maak vir die vleis.”
Die bestuurder het vier pelle. Hulle kom elke jaar jag, vir ’n week. Bring geen gewere saam nie. Na ’n klein insident om die vuur het hulle besluit dit is te gevaarlik om gewere saam te bring op hierdie jag. Ek het op my hond se graf gesweer ek sal nie daardie storie vertel nie. Sorry manne, dit was toe nooit my hond se graf nie. Maar ek noem nie name nie, nee, so laag is ek nie. Ek hou maar by A,B,C en D.
Die saak staan so. A het ’n baie duur Britse haelgeweer van sy skoonpa geërf. Is mos met ’n Engelse vrou getroud. Baie trots op sy roer, glo ’n fortuin werd. Moet sê, mooi gelyk met sy jaghonde en langstert fisante in goud ingelê in die Walnut-kolf. A het vir die jag, wat die laaste een met gewere was, net die haelgeweer gebring, en jag hy net voëls. Natuurlik met ’n gespot van B,C en D af. Nou, A ken sy pelle en hy laat nie die haelgeweer onder sy oë uit nie. Laat rus hom glad teen die boom se stam hier agter hom by die kampvuur. Dit is nou tot moeder natuur hom dwing om ’n draai te loop. Net die kans waarvoor die ander drie gewag het. Soos blits het hulle die haelgeweer en sit die SSG waarvan hulle die korrels sorgvuldig uitgehaal en vervang het met sand, veilig in die boonste loop.
Sê B, so bietjie later: “A, sê jou wat, ons drie is oortuig dat daardie haelgeweer niks werd is nie. Ons sal al drie so vyftig meter wegstap, ons broeke aftrek en buk. Jy kan laat loop met daai haelgeweer van jou. As so veel as een korreltjie een van ons tref, is daardie hele kas brandewyn net joune. Ons sal ons monde nooit weer aan drank sit nie.” Hulle maak ook sommer die haelgweer oop en sê: “Sien jy, SSG, ons is nie bang nie.”
Fout.
Die drieman brigade, dapper, skouer aan skouer, brandewynglas in die hand, tree die vyftig meter af. Te besig met hulle eie wyshede om te sien dat A uit simpatie en ’n diepgaande kennis van haelgeweerpatrone, die SSG omruil met ’n nommer 12 donshael. Ek meen, dis darem sy pelle en hulle het jong vrouens en klein kindertjies en alles.
Broeke af, heup teen heup buk die drie soos een man. Selfs Bok van Blerk met Generaal, Generaal sal trots wees op hulle. “Skiet” skree hulle.
A skiet.
Dit is twee uur die oggend toe ek by hierdie storie betrokke raak. Die tweerigting radio ruk my uit die slaap. “May day, may day! Koos kom in?” Ek herken dadelik A se stem. Ek weet dit is ernstig, want A het die bussie bestuur.
“Koos staan by.”
“Hoe ver is die naaste dokter?”
“Nelspruit. 185 km.”
“Te ver, bring Dettol, verbande en tweezers, gou!”
Skiet ongeluk! Ek gryp die noodhulpkas en jaag.
Wat ek sien toe ek die kroeg instorm, het ek nie verwag nie. Die noodhulptas gly sommer uit my hand. Voor my staan drie mans, laag gebukkend, kaal agter mekaar en grou in mekaar se agterente! A, met ’n broek aan, heel agter. Ligte bloed sypel uit verskeie gaatjies in hulle boude. Die gekerm en gekreun klink soos ’n slagveld. My brein, nog half deur die slaap, fokus nie. Ek hoor net krete van: “Nie daar nie, jy was daar.” En: “Hier is niks in die gaatjie nie, ja, jy het hom klaar uitgehaal.”

Ek besef die manne het mediese hulp nodig. Met B,C en D op hulle mae op die drie sitplekke in die bussie en A langs my, vlieg ons daar weg, Nelspruit toe. Die dokter en personeel by Ongevalle lag so dat selfs die half dooies saam lag.
Baie later, op pad terug, sê B: "Haai ou A, daai haelgeweer van jou is oraait hoor. Drie voëls geskiet, een skoot."
By hulle huise kon die vrouens nie verstaan waarom hulle manne skielik stadig en regop loop nie. Die drie weke tussen die lakens, waarin daar niks gebeur het nie, het hulle natuurlik verwelkom. Waarom is die mans dan nou skaam vir hulle kaal lywe, en alles deeglik bedek? Wel, moet seker daardie oer-instink wees wat iets daarmee te doen het.

Koos Venter

# SPORT/ONTSPANNING



| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 – 06:45 | | | | Manne biduur | |
| 07:00 – 09:00 | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei | Jukskei |
| 08:00 – 09:00 | Water aërobies | | | Water aërobies | |
| 08:00 – 09:00 | | Pilates | | | Pilates |
| 10:00 – 11:00 | | Lyndans | | Lyndans | |
| 14:00 – 16:00 | | Handwerk | | | |
| 15:00 – 17:00 | | Tafeltennis | | Tafeltennis | |

**Sodanige besprekings sal alleenlik verskuif word indien die sameroeper van die bespreekte aktiwiteit persoonlik toestemming verleen en die kantoor persoonlik dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel is.**
**Die klubhuis en veral die boma MOET bespreek word by die kantoor indien u dit wil gebruik vir aktiwiteite.**

Derek
**Sosiale Belangegroep**

# 'n Helpende hand of Verbyganger



'n Ryk man stap een koue, donker aand verby 'n dogter wat op die straathoek staan en bedel. Sy vra vir kos. Hy het skaars in haar rigting gekyk en ook niks gedoen om haar te probeer help nie. Tuis, in sy warm huis, het die bewende, koue figuur tog by hom bly "spook" en het menige vrae en antwoorde, wat hy slim uitgedink het, sy gewete gesus ... ook net vir kort rukkies, maar hy was tevrede met sy antwoorde. Terwyl hy later die aand voor sy kaggelvuur 'n geurige maaltyd geniet, het hy weereens aan die bibberende bedelaartjie gedink.

Hoe durf sulke dinge nog steeds in 'n moderne wêreld gebeur, veel erger ... toegelaat word? Hy was ergerlik.

Dan, asof hyself bibberend op die straathoek staan, dink hy by homself, nee! ... onthou hy wat sy ouma lank gelede, toe hy nog 'n tjokkertjie was, eenkeer vir hom gesê het: "Boetie, 'n mens hou nooit jou oë en hande toe vir mense wat jou nodig het nie."

Waag die tree – ervaar elke dag as 'n ontdekkingsreis en benut geleenthede optimaal. Doen spesiale moeite met jou medemens – doen nuwe dinge, dit help 'n mens om met nuwe oë na jou bekende omgewing, verhoudings en gebeure te kyk.

Wanneer jy weer die stemmetjie hoor sê: "Gesoek, 'n helpende hand ... !", moenie uitstel nie – doen, dan sal jou gewete jou met rus laat. Dan word die verbyganger 'n helpende hand ...

~ Gusta ~


SOLAR
CONNECTION
Christo/Kevin (082) 520-9810

# Voël van die Maand

**WITHELMLAKSMAN**
Eng: White-crested Helmetshrike
*Prionops plumatus*



Kenmerkende haaksnawel van 'n laksman.



Volwassene kry die by reg om dit vir die kleintjie te voer.

Ons sien hulle nie so gereeld gedurende die somer maande nie, maar in die herfs en winter beweeg hulle gereeld in groepe van 3-10 tussen die huise rond hier by Negester.

Die withelmlaksman is 18 cm lank en weeg 34g. Die mannetjies en wyfies lyk eenders: Grys kroon, geel oogbel en wit vere kenmerkend. Die onvolwasse is dowwer as die volwasse en sonder oogbel.

**Status:** Plaaslik algemene standvoël, broeigroepe wissel van 2-10 voëls; nie-broeigroepe soms meer as 20. Beweeg rond na gelang van omgewingstoestande. Kom in Noord Ooste van die RSA asook in sentraal, oos- en wes-Afrika voor. Die groepe sal daagliks tipies dieselfde roete volg. Hulle slaap styf teen mekaar op 'n boomstam in een area vir 'n paar aande, en beweeg dan aan na 'n ander area.




**Habitat:** Breëblaarboomveld, ook in gemengde Acacia.

**Kos:** Insekte, spinnekoppe en akkedissies, maar sal ook vrugte eet.

**Broei:** Koöperatiewe broeiers, waarskynlik monogaam. Die bakkievormige nes word deur alle groepslede gebou (± 4 dae) en goed met spinnerak versterk. Alle lede in die groep deel in die broei verpligtinge en voeding van die kleintjies (2-5). Die eiers word gewoonlik in die herfs of begin somer gelê en broei na ongeveer 3 weke uit. Die kleintjies verlaat die nes 3 weke later.

Die Withelmlaksman is die prooi van die Witkruissperwer, Kaalwangvalk en Berghaan.

Bronne geraadpleeg:

Wikipedia en Robert Birds of South Africa

Gerhard Vosloo

## Kopkrapper



Hierdie kopkrapper is waarskynlik makliker om deur probeer-en-tref op te los, as met wiskundige formules. Probeer dit gerus op beide metodes as jy wil.

'n Man het 'n aantal appels wat hy op die mark verkoop.

- Die eerste koper koop die helfte van die appels, plus 'n halwe appel.
- Die tweede koper koop die helfte van die appels wat oor is, plus 'n halwe appel.
- Die derde koper koop die helfte van die appels wat nou nog oor is, plus 'n halwe appel.

Op hierdie stadium het die man een appel oor. Hoeveel appels het hy aanvanklik gehad?

(Antwoorde kan vir my per persoonlike whatsapp gestuur word na 083-675-8965)

Flap Nr 129

# VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

## KOKERBOOM

**INLEIDING.**

Ek het onlangs 40 jaar se ALOE tydskrifte van die Vetplantvereniging van Suid Afrika nader getrek en deur geblaai. In volume 38, nr 1 en 2 van 2001, het ek hierdie merkwaardige verhaal raakgelees.

**DIE VERHAAL VAN DIE KOKERBOOM KWEKERY.**

In die hart van Namakwaland, net noord van die Gifberg, is die klein dorpie Van Rhynsdorp en is geleë in die suidelike deel van die Knersvlakte waar verskeie vetplantspesies voorkom en waarvan sommige endemies aan hierdie streek is.

Die Kokerboom Kwekery by Van Rhynsdorp is in 1948 deur meneer “Buys” Wiese gestig om plaaslike- en ander vetplante aan ‘n breë Suid-Afrikaanse en oorsese mark te voorsien. Tobias Gerhardus Wiese is in 1921 gebore en was ‘n polisieman van beroep. Hy was vir 7 jaar, behalwe vir ander pligte, ook verantwoordelik vir die veiligheid van Veldmaarskalk Jan Christiaan Smuts by sy plaas Doornkop in Irene, Centurion.

Nadat hy die polisiediens verlaat het, het hy na Van Rhynsdorp verhuis en die plaas Quaggaskop – sowat 40 kilometer noord van Van Rhynsdorp – gekoop vir die interessante vetplante en myn potensiaal. Oom Buys se mynprojekte het ongelukig misluk en hy het ‘n skaapboerdery probeer. Die dorre landskap was egter ook die ondergang van selfs die geharde Dorper skaapboerdery.

Die mislukking van beide ondernemings, en moontlike finansiële ondergang, het baie slapelose nagte vir oom Buys veroorsaak. Oplaas, uit desperaatheid, het hy een nag tot God gebid en gevra hoekom hy nie ‘n bestaan op die Knersvlakte kan maak wat deur Hom geskep is nie?


Gifberg

Oom Buys het ‘n stem gehoor wat vir hom sê: “Kyk na jou voete en sien wat groei daar”. Hy het dadelik verstaan en besef dat sy toekoms in die grootskaalse kweking van plante en spesifiek vetplante van die omgewing lê.

Gedurende 1966 is die Kwaggaskop Kwekery op die plaas Kwaggaskop tot stand gebring. Die welbekende Kwaggaskop vetplant staproete lewer ‘n kleuregloed van blomme en verskeidenheid vetplante aan die stapper.

Tydens die konstruksie van die N7 vanaf Kaapstad na Namibië, oor die plaas Kwaggaskop, is letterlik duisende vetplante vernietig. Oom Buys het ‘n geleentheid gesien en aansoek gedoen en permitte van Natuurbewaring bekom om die oorblywende vetpante te hervestig of te verkoop. Tydens hierdie proses is ‘n gedeelte van die plaas as ‘n natuurreservaat geregistreer. Baie plante is by die Kokerboom Kwekery in Van Rhynsdorp hervestig. By die kwekery is ‘n versameling van vetplante opgebou en vandag is al die vetplante wat by die Kokerboom Kwekery verkoop word, op die kwekery terrein gekweek.


Oom “Buys” Wiese.

Net soos hierdie streek jaarliks deur honderde toeriste besoek word vir sy blommeprag, is die Kokerboom Kwekery ‘n ewe gewilde besoekpunt.

Cobus Oosthuizen.

fines4u
TRAFFIC OFFENCE ASSISTANCE
cornelia@fines4u.co.za
www.fines4u.co.za
082 449 2274

# Markdag Teetuin:



24 Junie 2023, op die kalender gemerk as: “Negester Markdag vir die inwoners”.

Vroeg reeds was daar ’n woeligheid op die terrein in en om die klubhuis.

En ja! ... êrens moet ’n mens ’n stilhou plekkie hê, waar jy kan rugspiere rek en/of geselsies aanknoop: DieTeetuin ... die aangewese oase vir: “Sit boude, rus bene!”

Die helpers in die teetuin was die vroue van die manne wat op die Nood- en Sekuriteitskomitee dien.

Daar het ’n gesellige atmosfeer geheers en daar is sommer ook “gesitkamer-kuier” of gekuier by die “straat-kafee tafeltjies” – als binne-in die klubsaal.

Die outydse soetkoekies, geskenk deur Lourens en Sandra Kemp, was ’n nostalgiese treffer, saam met ’n beker boeretroos of, as jy wou, tee.

Na ’n baie suksesvolle dag in die teetuin kan ons sê: “’n Enkeling kan nie ’n simfonie fluit nie. Net ’n hele orkes kan ’n simfonie uitvoer.” (Elbert Hubbard)

Vir die manne van **Negester Nood- en Sekuriteitskomitee** sê ons: “Deur julle toegewyde, lojale en gemotiveerde spanwerk het die inwoners van Negester ’n veilige omgewing waarin almal hul aftrede kan geniet! Ons is bevoorreg om jul in Negester te kan hê”: Ben Meyer; Neville Hoare, Roelf Venter; Thinus Roos; Gerhard Pretorius en Ruud van Nieuvenhoven.

Gusta





## Negester Markdag








SCHOEMBIE GARDEN & LANDSCAPING SERVICES

Garden Service / Tuindienste

Landscaping / Landskap

Grass / Gras

Succullent Plants / Vetplante

Trees / Bome

Irrigation new and repairs /


Besproeiing nuwe en herstel werk

Painting / Verf werk

TEL: 064 318 0168 / 076 798 3869




## VANAF DIE BOEKRAK




**Titel:** The President is missing

**Outeur:** Bill Clinton en James Patterson

Wanneer die magtigste man in die wêreld – die Pesident van die VSA – verdwyn, stuur dit skokgolwe deur die hele wêreld. Die rede waarom hy vermis word is egter baie erger as wat enige iemand kon vermoed.

Met besonderhede wat net die President van weet en wat skielik te voorskyn kom, word die saak net meer ingewikkeld.

Tot volgende maand

Ria

# Wie kan ek kontak?

GESONDHEIDSORG

| | | |
|---|---|---|
| KLINIEK | 014-736-3364 | 014-736-2770 |
| Nood-nommer | | 072 312 3499 |
| Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore) | | 014-736-2580 |
| GROEPWERK (Annatjie Moore) | 014-736-2580 | |
| Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag) | 014-736-2725 | |

## Maak asseblief afsprake

| | | |
|---|---|---|
| **Maandae – Vrydae** | 07:30 – 09:30 | Kliniek |
| **Maandae** | 07:30 – 09:30 | Voetsorg |
| **Dinsdae** | 07:30 – 09:30 | Haarsorg |
| **Dinsdae** | 07:30 – 09:30 | Oudioloog (Elke 2de Dinsdag) |
| **Vrydae** | Middag | Fisioterapeut |




## Truter family wines









# WYNGILDE

Op Woensdag 21 Junie het bykans 80 van die wynvriende Truter Family Wines se wyne geproe. Rialien, een van hul agente, het ons kom vertel van hierdie familie wyn-landgoed van Wellington en daar is geproe aan 8 van hulle wyne. Heerlike, ligte kuier-wyne inderdaad. Heelwat wyn is ook sommer tydens die funksie gekoop en gaan beslis geniet word.

Saam met die wyn is daar ook lekker gesmul aan al die kos wat weer deur 9Ster se dames voorgesit is en die aand het baie gesellig, met baie lag en gesels, verloop. TFW het ook n paar bottels wyn as pryse geskenk wat met gelukkige nommers getrek is.

Ons volgende funksie is op 16 Augustus en gaan beslis weer n lekker kuier-aand wees. Ons plaas binne die volgende week of twee meer info daaroor op die Wynvriende groep.

Indien jy wil inskakel by hierdie groep, kontak gerus vir Derek (169) of Alida (363) vir meer inligting. Ledegeld beloop R100.00 pppj.

Alida

Sosiale Belangegroep




## Spreuke van C.J. Langenhoven …

Vlyt en loon:

"Elke artikel wat hy maak is 'n nuwe skoonheid waarvan hy die skepper is:

dis syne en 'n ander kon dit nie só gemaak het nie,

want sy siel het hy daarin uitgegiet."






# Uit Grootjie se kombuis …

**Vinnige "lunchtime" muffins**

Bestanddele:

1. 2 k bruismeel (kan ook koekmeel gebruik – voeg dan 2 t bakpoeier by)
2. 1 k melk
3. 4 e mayonnaise
4. 1 eier

Metode


1. Voorverhit die oond 175˚C
2. Smeer muffin-pannetjie (12)
3. Meng al die bestanddele met houtlepel
4. Skep in pannetjie
5. Bak vir 15 min tot ligbruin



**Variasie?** Voeg by:
Gerasperde kaas/ gesnyde weense worsies/ gekapte bacon/ pietersielie ens.


Heerlik!!

~Gusta~


Deel ook jóú "memories" met die inwoners.
"Memories" vasgevang in 'n foto vir eendag se onthou . . .
Deur my Ne9ester kameralens

# KOM NEEM DEEL

## Blokraaisel



**AF**

1 Hy kan uitgeken word aan sy houding?
2 Dit lok voëls, maar dit is nie noodwendig goed vir die voëls nie?
4 Live long?
5 Sponde?
6 Dit is 'n algemene oorsaak van asma?
8 Sy help om ons stres en angs te verminder?

9  ?
12 16 Augustus 2023?

**DWARS**


1 Uitstekende houerplante?
3 Ek hou nie van die see nie, maar is lief vir die bos?

5  ?
7 Jy doen wat jy altyd doen?
9 Huis of tuiste?
10 Aantal rooibokke wat gevang is?
11 Saturday, September 2, 2023?
13 Gebruik 1½ teelepel daarvan saam met 1 gelyke teelepel gemmer?

14  ?

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en Whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

Oplossing van Junie blokraai!




Baie geluk aan ons wenner van Junie blokraai: Tannie Hannetjie!